SA ISSN 0038-2809
Dewey Cat. No. 636.089




# JOURNAL OF THE SOUTH AFRICAN VETERINARY ASSOCIATION

# TYDSKRIF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VETERINÊRE VERENIGING

VOLUME 56 No. 4
JAARGANG 56 Nr. 4

DECEMBER 1985/DESEMBER 1985

## CONTENTS/INHOUD



*Contents continued on page 167* — *Inhoud vervolg op bladsy 167*

Reg. No. S4 clavulanate + amoxycillin = Synulox

# NEW Synulox

clavulanate-potentiated amoxycillin

## Exceptional clinical success through ß-lactamase destruction.




Nowadays veterinary surgeons have a wide range of broad spectrum antibiotics which they can prescribe, with varying degrees of success, for the treatment of those infections common to small animals. One of the best and most popular of these antibiotics is amoxycillin, a Beecham semi-synthetic penicillin. Until now it shared the one disadvantage common to most penicillins — its susceptibility to bacterial enzymes called β-lactamases (penicillinases), which attack and destroy the antibiotic before it has a chance to act.

**To counter this problem Beecham Animal Health has introduced a remarkable new product called Synulox.**

Synulox is a formulation of amoxycillin and clavulanate, a powerful β-lactamase inhibitor. Isolated and developed by Beecham, clavulanate inactivates β-lactamase. By so doing, it deprives problem bacteria such as E.coli, staphylococci and Klebsiella of this defence mechanism and leaves them open to attack by amoxycillin. With Synulox, therefore, the already wide spectrum of amoxycillin is considerably extended.

Synulox is formulated in a range of palatable presentations for easy and convenient dosing by the client — foil strips of 50 mg and 250 mg palatable tablets and palatable drops.

| | % Sensitivity |
|---|---|
| Synulox | 94 |
| Oxytetracycline | 71 |
| Potentiated Sulphonamide | 67 |
| Penicillin G | 29 |

# Synulox


## The new discovery that beats infection

Further information available from Beecham Animal Health, Division of Beecham Pharmaceuticals (Pty) Ltd., P.O. Box 347, Bergvlei, Transvaal, 2012. (011) 786-6060.
Synulox is a Beecham Group Trademark.

**Book Reviews** **Boekresensies**





**Index to Advertisers** **Advertensie-Opgaaf**

## JOURNAL OF THE SOUTH AFRICAN VETERINARY ASSOCIATION

The JOURNAL is owned and published by the South African Veterinary Association, of which it is the official organ. It appears quarterly and is devoted to matters of veterinary importance generally. The statements made and opinions expressed by contributors are their responsibility only; such statements are not necessarily endorsed by the Editorial Committee, neither do the opinions reflect those of the Committee. The whole of the literary contents of this Journal is copyright.

SUBSCRIPTION. – A free copy of each issue is sent to all members of the Association in good standing. The subscription rate for local non-members is R85,00 per annum, post free; overseas subscription is $86 per annum, post-free, surface mail. BACK NUMBERS are obtainable at R20,00 per number.

CONTRIBUTIONS – The Editor will consider contributions of veterinary interest. Double-spaced, carefully revised, typewritten manuscripts should be submitted in triplicate (original plus two good copies). Layout and references should be in the style of this number. REFERENCES should not exceed 20 in number unless approved by the Editor. The number of figures and tables may be limited at the Editor's discretion unless the author contributes to the cost of reproduction. This applies particularly to reproductions in colour.

TABLES and FIGURES should be in widths of 85 mm, or 176 mm, or in sizes of 263 × 176 mm, or reducible thereto. Only the International Metric System (SI) is used in this Journal and contributors must ensure that fluid volume, length, mass, time, amount of substance, etc. are indicated in the correct SI unit. Time is expressed as: year, month, week, d (days), h (hours), min (minutes) and s (seconds). For further information refer to the "Guide for Authors" in Vol. 52, No. 2, pp 83-97. REPRINTS should be ordered upon confirmation of publication.

## TYDSKRIF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VETERINÊRE VERENIGING

Die TYDSKRIF is die offisiële mondstuk en eiendom en word gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging. Dit verskyn kwartaalliks en word aan sake van algemene veeartsenykundige belang gewy. Bydraers tot hierdie Tydskrif maak hul stellings en lug hul menings slegs op eie verantwoordelikheid; sodanige stellings word nie noodwendig deur die Redaksiekomitee onderskryf nie en die menings gee nie noodwendig die Komitee se menings weer nie. Kopiereg word op al die letterkundige inhoud van die Tydskrif voorbehou.

INTEKENING – 'n Eksemplaar van elke uitgawe word gratis aan alle volwaardige lede van die Vereniging gestuur. Die intekengeld vir plaaslike persone wat nie lede is nie, beloop R85,00 jaarliks, posvry; oorsese intekengeld is $86 jaarliks posvry per land of seepos. VORIGE UITGAWES R20,00 per eksemplaar.

BYDRAES – Die redaksie sal alle bydraes van veeartsenykundige belang vir publikasie oorweeg. Dubbelgespasieerde, noukeurig hersiende, getikte manuskripte moet in triplikaat (oorspronklike en twee goeie afskrifte) ingedien word. Opset en verwysing móet die styl van hierdie uitgawe volg. MEER AS 20 VERWYSINGS word slegs met die goedkeuring van die Redakteur toegelaat. TABELLE en FIGURE moet in breedtes van 85 mm, of 176 mm, of in groottes van 263 × 176 mm weergegee word, of daartoe gereduseer kan word. Die getal figure en tabelle kan na oordeel van die redaksie beperk word tensy die outeur tot die koste van reproduksie bydra, veral kleurreproduksie. Slegs die Internasionale Metrieke Stelsel (SI) word in hierdie Tydskrif gebruik, en outeurs moet sorg dat die korrekte SI eenhede vir vloeistofvolume, lengte, massa, tyd en stofhoeveelheid gebruik word. Tyd word uitgedruk as: jaar, maand, week, d (dae), h (ure), min (minute) en s (sekondes). Verwys verder na die "Riglyne vir Outeurs" in Jaargang 52, Nr 2, pp 83-97. HERDRUKKE moet ten tye van bevestiging van plasing bestel word.

**ALL CORRESPONDENCE:** Manager, SAVA, Jl. S Afr. Vet. Ass., P.O. Box 25033, Monument Park, 0105 Pretoria. (Tel. (012) 3461150)

**ALLE BRIEFWISSELING:** Bestuurder, SAVV, Tydskr. S Afr. Vet. Ver., Posbus 25033, Monumentpark, 0105 Pretoria. (Tel. (012) 3461150)

**REDAKTEUR/EDITOR:** Prof. N.P.J. KRIEK

**ADMINISTRATIVE EDITOR/ADMINISTRATIEWE REDAKTEUR:** Mrs. R. CONRADIE



**AGENTS IN GREAT BRITAIN:** Baillière, Tindall & Cassel, 8 Henrietta St. Covent Garden, London.

**AGENTE IN DIE VERENIGDE KONINKRYK:**

**ADVERTISING RATES on application**

**ADVERTENSIETARIEWE op aansoek**

**Financial subvention by the Department of National Education is gratefully acknowledged.**

**Geldelike steun deur die Departement Nasionale Opvoeding word met dank erken.**

Typeset, printed and bound by Heer Printing Co (Pty) Ltd.
Tipografie, gedruk en gebind deur Heer Drukkers (Edms) Bpk.

## ARNOLD THEILER-GEDENKLESING ARNOLD THEILER MEMORIAL LECTURE



# VLAMMENDE FAKKELS, OU BENE, IVOORTORINGS EN ROOI VLAE†

H.P.A. DE BOOM*

Geagte mnr. die Dekaan en kollega's

Aangesien ek 'n hekel het aan cliché's, gaan ek nie nou verklaar watter eer en voorreg dit is om hierdie lesing te kom gee nie: my siening sal aan die einde hiervan verneem word.

In die eerste instansie moet ek hierdie Fakulteit gelukwens met die instelling van 'n Fakulteitsdag, ten tweede met die instelling van die Arnold Theiler-gedenklesingreeks, en ten derde met die tydige keuse om wyle dr. Thelma Gutsche die eerste lesing te laat gee. Niemand het Theiler en sy tye se geskiedenis so sorgvuldig gedokumenteerd nagevors as juis sy nie.

Waar ons vandag die goue draad van die geskiedenis van ons professie vanaf Sir Arnold Theiler se dae tot hede wil span, is ons in die eerste plek nie soseer op akademies-historiese feite gesteld nie, maar eerder, soos 'n Paul Kruger van ouds, op die lesse wat daar vir ons in die geskiedenis opgesluit lê.

Om 'n geskikte titel vir hierdie gedagtegang te vind, het ek my tot een van Theiler se uitsprake gewend en toe, in navolging van my kunstenaardogter, my toevlug tot allegoriese uitbeeldings geneem. Van die vier beeldkonsepte wat ek gekies het, lê die eerste een in die middelpunt, met die ander driehoeksgewyse daaromheen gerangskik, om sodoende hul onderlinge wisselwerkende verband ten opsigte van mekaar te versinnebeeld.

Die vlammende fakkels beheers die middelpunt en slaan op die begeestering, die dryfkrag, die skeppende denke en die visie wat Sir Arnold se dink en doen gekenmerk het, en wat tot hede – en hopelik vir die toekoms – 'n grondslag gelê het en sal lê vir die Veeartsenykunde as wetenskap en as praktyk wat ons hier in Suid-Afrika beoefen.

'n Uiters belangrike aspek van die fakkel-konsep is die noodsaaklikheid van wedersydse onderlinge stimulering. Om te kan brand het 'n fakkel brandstof nodig, en iemand wat dit aansteek. Alhoewel spontane ontbranding dikwels skyn plaas te vind, blyk by nadere ondersoek dat buite-invloede nodig was om ontbranding te laat plaasvind en die vlam te onderhou. So was dit ook met Theiler. Sy groot klagte aanvanklik in Suid-Afrika was die gebrek aan akademiese kontak en die wedersydse stimulus wat van daar uitgaan. So het hy in 1908 met mense soos dr. Gunning van die Nasionale Dieretuin die "Transvaal Philosophical Society" gestig. En hy het toegesien dat al sy mense te Onderstepoort die vergaderings bywoon. Dit verheug my dat ons kollega's nog steeds 'n rol in daardie vereniging, nou die S.A. Biologiese Vereniging, speel.

Ek dink ook aan die rol wat dr. Turner, hoof van die destydse melaatsegestig te Westfort gespeel het, asook aan dr. Harry Green. Hy was 'n fisioloog en biochemikus – nie 'n veearts nie – maar hy was dié persoon wat by Theiler die fakkel brandend gehou het. Hieruit kom nog 'n belangrike punt na vore: in die beoefening van die veeartsenykundige wetenskap is daar ruim plek vir nie-veeartsenykundig opgeleide wetenskaplikes – gespesialiseerde wetenskaplikes op hul eie gebied. In sekere gevalle, soos die van wyle dr. H.O. Mönnig, het Theiler sodanige wetenskaplikes aangemoedig om ook die graad in veeartsenykunde te behaal. Dit staan ons professie ter eer dat ons sogenaamde "buitestaanders" in ons geledere ingetrek het en ons onsself nooit kleinlik parogiaal tot eie geledere beperk

*Departement Anatomie, Fakulteit Veeartsenykunde, 0204 Medunsa, Republiek van Suid-Afrika, Medunsa.

†Gelewer te Onderstepoort ter geleentheid van die tweede Fakulteitsdag van die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria, op 25 September 1985.

het nie. Dit was 'n baie vrugbare beleid. Die omgekeerde proses het ook ryke dividende besorg: waar veeartsenykundiges hulle op ander wetenskaplike terreine verder bekwaam het.

Die groot gevaar wat ons bedreig kom van die kant van die Suid-Afrikaanse Mafia, soos bedrywe deur die neefs Cannetti en Villetti: Cannetti Worrini en Villetti Traaini.

Arnold Theiler het na sy aftrede in 1927 na Switzerland gegaan met kaste vol bene en beenmonsters. Sy groot belangstelling in beensiektes, wat weens drukte van ander werksaamhede in Suid-Afrika nie tot sy reg kon kom nie, wou hy hier uitleef. In die proses het hy hom allereers in die basiese konsepte van beenhistologie verdiep, in sake waarmee eerste- en tweedejaarstudente mee kennis maak. Ten einde sy driedimensionele begrip te verbeter, het hy selfs sy vrou en dogters se breipenne en wol opgekommandeer. Hierin lê daar vir ons almal 'n belangrike les: geen saak is te eenvoudig en te vanselfsprekend om nie weer deeglik bepeins en beproef te word nie. Hoeveel male het ek nie die vrugte van hierdie soort prosedure gepluk nie.

In 1934, ten tye van die 29ste kongres van die Suid-Afrikaanse Veterinêr-Mediese Vereniging – dit het destyds so geheet – was Theiler terug op 'n besoek in Suid-Afrika en het hy 'n referaat oor sy werk gelewer. Dit was 'n meesterstuk van deeglikheid en logika. Hy is op gepaste wyse deur die voorsitter van die aand se verrigtings, dr. P.J. du Toit, bedank. Toe staan Theiler weer op en lewer die volgende veelseggende repliek, in daardie pikante Switserse Engels van hom: "Gentlemen, you may think it is only an old bone; you have to put your soul into that bone." Dit het my as jong student soos 'n bom getref en lewenslange inspirasie besorg.

Die kongres was te Onderstepoort, in die Biblioteeksaal, en ons as studente kon dit bywoon. As ek terugdink aan die begeestering wat bywoning van ons kongresse my besorg het, is dit 'n groot jammerte dat ons studente vandag om bloot logistiese redes merendeels so 'n voorreg ontsê is.

Dis vir my as anatoom heel natuurlik om die beeld van "ou bene" aan te gryp. Vir meeste van ons wek dit geen belangstelling nie: dit hou eerder iets afstootliks of weersinwekkends in. So dikwels beskou ons 'n bepaalde faset van die biologie of toegepaste biologie as uiters oninteressant, of as vermuf en verouderd, of verwarrend, en dus afstootlik. Veral by die student is dit dikwels die geval. Dit berus meesal op gebrek aan nadere kennismaking, gepaard met die onwilligheid tot inspanning, veral intellektuele inspanning. Die mens is maar van nature lui, en die luiste sisteem van sy gestel is juis die sentrale senuweestelsel. Dan moet ons die Theilerdiktum toepas, en ook by ons nasionale spel, rugby, gaan leer: dis daardie ekstra hupstootjie in die skrum wat wondere vermag. As die deurbraak eers gemaak is, is dit ongelooflik hoe boeiend die voormalig afstootlike word. Hierdie les bly ook nie net tot die akademieswetenskaplike wêreld beperk nie. Hoeveel beteken daardie bietjie ekstra moeite wat die praktisyn of amptenaar doen net nie vir sy medemens en uiteindelik vir homself nie: daardie twee myl in plaas van een myl se saamloop.

Om fakkels aan te steek bly taak nommer een van ons fakulteite. Bloot deur voorlesings en hoogheilige voorhou van voorskrifte kan dit nie gedoen word nie. Dit is 'n gestadige proses wat op heel natuurlike wyse voltrek moet word deur die voorbeeld van die dosent, deur sy houding, sy gedrag, sy entoesiasme en sy benadering van die student. Moet net nie by my met die afgesaagde storie aankom dat ons jeug verrot is nie. Ons jong mense soek juis na inspirasie en ons mag hulle net nie teleurstel nie. Na 46 jaar in die tersiêre onderwys bly dit my vaste oortuiging. Ons, as dosentekorps, moet nie teleurgestel voel as ons pogings, soos helaas so dikwels die geval is, maar power beloon word nie. 'n Mens moet eenvoudig nugter en realisties genoeg wees om te besef dat die biologie, en veral die toegepaste biologie, 'n veld is enorm van omvang, eksponensieel toenemend, dikwels uiters verwarrend en dikwels nog lank nie tot sy logiese konsekwensies opgeklaar nie. Dit is glad nie verbasend dat die nuweling aanvanklik 'n moeilike ploetertyd deurmaak nie. Ons, as dosente, moet aanvaar dat ons saaiers is; ons moet maar geduldig en volhardend aanhou met saai, of die saad nou op klip of op dorre aarde val, en of dit nou deur onkruid verstrik raak of nie. Dit wat op vrugbare aarde val is ons beloning. 'n Mens weet nooit hoe of waar of wanneer 'n deurbraak bewerkstellig word nie. Soms ervaar 'n dosent dit dat van sy oud-studente na hom kom en sê: "Die dag toe u dit of dat gesê het, het die wêreld vir my oopgegaan." Dit, terwyl die dosent op daardie tydstip vir hom 'n heel terloopse opmerking gemaak het, salig onbewus van die impak wat dit sou hê.

Die belangrikheid van die dosent kan met 'n eenvoudige rekensommetjie bewys word: vermenigvuldig sy aantal diensjare met die getal studente wat by hom klas geloop het, en u sal besef watter enorme potensiaal ten goede of ten kwade hy kan wees.

In die finale instansie, egter, is ons almal fakkeldraers. Ek is telkens verstom oor die interessante waarnemings en idees waaroor ons kollega's in die frontlinie, met name veral praktisyns en staatsveeartse, beskik. Daarom pleit ek vuriglik vir bydraes tot ons lyfblad en vir omvangryker korrespondensiekolomme. Laat van u hoor, al het u nie al die antwoorde nie, al is u huiwerig om u vermeende onkunde wêreldkundig te maak.

In die proses van toespits op 'n bepaalde onderwerp of faset is dit noodsaaklik dat die individu hom, tydelik altans, letterlik in 'n ivoortoring moet afsonder. So kom ons dan by oorweging van die derde simbool: die van ivoortorings. Hoe noodsaaklik ookal, die ivoortoring het sy gevare: dit kan so maklik 'n gevangenis word. Met intense toespitsing ontwikkel ons so maklik tonnelvisie. Ons kan net nie buite ons selfopgelegde benepe gesigsveld beweeg nie. Of andersins is ons so verweef in afstandvisioene en horisonne dat ons nie die onkruid tussen ons tone waarneem nie. Erger nog, ons raak so verstrik in die daaglikse sirkelgang van nakom van noodsaaklike kleiner eise, dat ons oorspronklike doelwitte heeltemal vergete bly. Dit is vir my 'n wrede ironie dat daar talle takies is wat in toenemende getalle in ons gesofistikeerde samelewing daagliks ons aandag eis, takies wat op sigselwe van mindere belang is, maar tydsgewys tog dringend, dat hulle uiteindelik ons ivoortorings totaal toerank en verseël. En ons sit daarbinne, hulpeloos soos slawe vasgevang.

Hierdie gevare van die ivoorstoringbestaan bedreig nie net individue nie: dis veral georganiseerde instellings wat kwesbaar is. In ons geval dink ek in die eerste instansie aan ons Fakulteite, aan die Navorsingsinstituut, en aan ons Vereniging. Sodra sulke instellings hul oorspronklike doelwitte en ideale uit die oog verloor, en hulself op blote voortbestaan en eie kort-termyn-voordele toespits, is hulle gedoem. Laat ek u 'n voorbeeld noem wat ek die beste ken. In ons universiteitswese is die student die heel belangrikste entiteit; tweede in

rangorde is die dosentekorps, en derde die administrasie. Omdat laasgenoemde vir die goeie orde en gang van sake moet sorg, is dit haas onvermydelik dat die administrasie die botoon vier. Die dosent, omdat hy die leiding by die onderrig moet neem, tree dikwels onbewustelik egosentries op. 'n Omgekeerde stand van sake dus. Dis by verre nie dat ek die gekkigheid bepleit dat studente die leiding moet oorneem, soos die neiging in sommige lande begin posvat. Ook wil ek geensins administrasie afkraak nie. Geen organisasie, allermins 'n universiteit, kan dit bekostig om 'n swak funksionerende logistiese onderbou te hê. Theiler self het sterk gesteun op die administratiewe en organisatoriese bekwaamhede van manne soos King en Charlie Hinds. Hulle was inderdaad sy regterhand.

In ivoortorings is daar noodgedwonge etlike verdiepings wat beman moet word. Nou is dit helaas so dat juis daardie piramidale inskakeling enersyds die gevolg is van, en andersyds aanleiding gee tot, 'n oeroue gedragspatroon: die pikrangorde. Is dit te veel gevra dat ons as mense ons beter moet gedra as die bewoners van 'n hoenderhok? Of moet ons miskien weer gaan kyk hoe ons vermeende oer-oupagrootjie, die slingeraap ("gibbon"), sy hierargielose gemeenskap bedryf? Selfs die nederigste werker kom die nodige eer en waardering vir behoorlike volvoering van sy taak toe. Ons moet ook in dié opsig fakkels aansteek pleks van domweg pik. Die telefoniste/ontvangsdame speel in die praktyk dikwels 'n belangriker beeldskeppende rol as selfs die hoof/direkteur/rektor. In die handel en nywerheid word huidiglik besondere aandag aan bedryfsleiding gegee. Op professionele vlak in al sy vertakkings kan ons gerus meer aandag hieraan gee, hetsy in die onderwys, in navorsing of in die praktyk. Dis juis op navorsingsgebied waar 'n mens steeds tussen die Scylla van oormatige reglementering en die Charybdis van onbeteuelde vryheid moet deurvaar. Ek was verheug om van die onlangse samekoms te Sandton oor bedryfsleiding in die veeartsenykundige praktyk te verneem. Dis ook betekenisvol dat etlike van ons kollega's die MBA-kwalifikasie behaal het. Om hierdie aspek af te sluit wil ek op die ongewenstheid wys om bekwame dosente en/of navorsers te beloon deur hulle na administratiewe posisies te "bevorder". Moet ons nie liewer 'n tweestroombeleid volg, waarby diegene met organisatoriese aanleg direk in daardie kanaal gelei word, met eventuele nouere inmekaarskakeling van akademie en administrasie?

'n Besondere sy van die ivoortoring-gevaar bedreig ons veterinêre fakulteite in Suid-Afrika. Dit is die gevaar van intellektuele inteelt. Vanweë ons besondere omstandighede is ons gedwing om meesal van ons eie studente as dosente in diens te neem. Oorsese akademici sou hieroor hul hande in hewige afkeer die lug ingooi. Dit is 'n wesentlike gevaar, maar wat het in werklikheid gebeur? In alle eerlikheid kan ek getuig dat die proses nie so nadelig was soos 'n mens dit teoreties gesproke sou verwag het nie. Die rede hiervoor kan ek toeskryf aan die feit dat daar nog baie pioniersbloed deur ons are vloei: die sterk individualisme, die nugterheid en onbevangenheid van benadering, die praktiese sin, die veelsydigheid, oorspronklikheid en onafhanklikheid van ons denke. Waarlik, die gees van Theiler leef nog voort. Soos 'n besoekende wetenskaplike uit Israel dit heel onlangs aan my gestel het: "You South Africans have a unique way of doing things". Die "boer-maak-'n-plan"-benadering is so te sê tweede natuur by ons. Daarby ken ons ons mense, en kan ons dus meesal by aanstellings 'n beter oordeel vel. Dit neem egter nie weg dat oorsese besoeke 'n noodsaaklike onderneming vir elkeen van ons jong akademici is nie. Ons is in die gelukkige situasie dat ons geredelik maklik by Europese en Amerikaansse denkwyse kan inval. Ons moet daar gaan waarneem en persoonlik ervaar, dan hier, nie slaafs kom navolg nie, maar ons eie, unieke sintese kom skep.

'n Verdere ivoortoringgevaar is die hooghartige houding dat net ons as professsioneel-geskoolde mense die beste kan weet en dat ons ons geensins aan lekepraatjies hoef te steur nie. Sir Arnold het hier die weg gewys. Hy het altyd beklemtoon dat ons aandagtig moet luister na die waarnemings en menings van leke, veral dié wat nou by diere betrokke is, selfs na skynbaar onsinnige ou-vrou-stories: daar steek altyd iets agter. Kyk ons terug na die grootste deurbrake op navorsingsgebied, bv. perdesiekte en lamsiekte, dan was dit juis die krities-versigtige aandag aan lekepraatjies wat daartoe aanleiding gegee het. Lees ons in die Landbouverslae van die ou Kaapkolonie, dan sien ons tot ons skande dat 'n leke-minderheid teenoor 'n professioneel-gesteunde meerderheid reeds 'n eeu en 'n half gelede in 'n kommissie van ondersoek na rooiwater, bosluisoordraging voorgestaan het. Die beste les in kliniese waarneming het ek van 'n baar swartman gekry, die metode om urine by 'n verskalf te kollekteer, by 'n boeretannie.

Op 'n effens anderse noot doen ek 'n wenk aan die hand, gegrond op eie ervaring. As u in u navorsing of kliniese ondersoek op 'n waarneming afkom wat oënskynlik nie strook met u konsep van die saak, moet dit nie negeer nie: gaan met man en mag daarop in. Dit is juis in die skyn van teenstrydighede waarin die waarheid dikwels verskuil lê. Die liggaam probeer ons iets vertel waarvoor ons op daardie oomblik blind is.

Terug na die gebied van die onderwys, haal ek 'n pluspunt, twee gevaarpunte en drie probleempunte aan.

Die plus-punt: Tydens 'n informele samesyn van kollega's in die Statler-klub te Cornell, haak een van die aanwesiges af en vra my tromp-op hoekom die opleiding te Onderstepoort so 'n goeie naam het. Ietwat verleë bedank ek hom vir die kompliment en waag my mening: omdat ons soveel klem op basiese aspekte lê. Hy keer hom tot sy makkers en sê: "You see fellows, what I have been telling you all along".

Gevaarpunt een: As dosente raak ons so maklik verstrik in die taak van kennisoordraging, die student met die blote weergee van kennis, (die toets-tot-toets-sindroom), dat grondliggende ideale van die "Academia", wat ek hopelik nie hier hoef uit te spel nie, uit die oog verloor word. Ter illustrasie haal ek Shaw na geheue aan: "A lecture is the process of transformation of lecturer's notes to student's notes without going through the heads of either."

Gevaarpunt twee: Dit is 'n wrede ironie dat menige jong dosent, in sy besondere ywer om 'n vak goed te doseer, hom so op die ingewikkeldste en mees gevorderde aspekte toespits dat hy die studente verwar, verloor en selfs totaal afskrik van die besondere vakgebied. In Portugese akademiese kringe bestaan daar die gesegde: "Die hemel bewaar die student van ou straatvrouens en jong professore."

Probleempunt een: Die grootste enkele gebrek van ons akademiese opleiding is die absoluut onvoldoende tyd en geleentheid wat die student gebied word om hom in sy nuutverworwe kennis en vaardighede te oefen. Vergelyk die totale tyd wat aan kennis-oordraging bestee word met die tyd wat aan die toets daarvan gewy word: daar is 'n skrikwekkende dispariteit, wat ons met

die vrome hoop probeer besweer dat die studente wel na ure uit eie beweging sal studeer. Daar word vandag gelukkig baie aandag aan didaktiese metodes geskenk, maar dit word net van die dosent se kant gesien. Hierdie probleempunt verdien ernstige aandag. Die instel van self-evalueringstegnieke en metodes is broodnodig. Rekenaarondersteunde leer-en-toets-metodes bied hier 'n antwoord. Aangesien die "sagte ware" tog uitgewerk moet word, kan dit reeds sonder duur apparatuur vermag word.

Probleempunt twee: Dit ly geen twyfel dat keuring van voornemende studente in die veeartsenykunde baie daartoe bygedra het om ons professionele peil te verhoog. Die vraag bly steeds of ons nie tog weer 'n keer indringend moet kyk na die ontwikkeling van bykomstige aanlegtoetsmetodieke nie. 'n Mens kan net nie van die ongemaklike vermoede los kom nie dat goeie potensiaal soms verwerp kan word, en dat swakker potensiaal soms deurglip.

Probleempunt drie: Anders as by mediese fakulteite, moet veeartsenyfakulteite in hul eie hospitaal- en kliniese geriewe voorsien. In die lig van die geweldige kostestyging van apparatuur en middels, sal hierdie probleem ernstige aandag verdien.

Dit is 'n interessante en bemoedigende verskynsel dat teen enige oordrewe of foutiewe neiging in die samelewing daar altyd vroeër of later verset en teenkanting opbou. So kom ons by die laaste simbool, dié van rooi vlae: die rooi vlae van verset en rebellie.

Die rooivlag-element is noodsaaklik. In die eerste en verreweg belangrikste instansie moet dit uit nugtere, eerlike, nie-verlammende selfkritiek bestaan. Omdat alwysheid nie die enkeling beskore is nie, is dit ons plig om, nes in die geval van fakkels, mekaar by te staan. Maar dan moet dit op eerlike en konstruktiewe wyse geskied, en nie op persoonlike aanvalle neerkom nie. Weereens kan ons by ons nasionale spel se beginsels gaan leer: "Speel die bal, nie die man nie." Die versoeking is altyd daar om eie aansien of kort-termyn-belange en voordele te bevorder deur ander af te kraak. So dikwels word in dié proses van die Don Quixote-tegniek gebruik gemaak. Jy bou 'n eie beeld op van wat jy meen jou teenstaander se foute is, en bestorm die dan soos 'n Don Quixote van ouds windmeulens bestorm het. (Lyk die prentjie in ons huidige landsomstandighede nie baie bekend nie?) Dit bly 'n eenvoudige waarheid dat 'n huis teen homself verdeel nie staande kan bly nie. Vir die kompulsiewe afkrakers, eie voordeelsoekers, byltjieslypers en meer-dan-heiliges is daar in ons geledere net nie plek nie. As wetenskaplikes behoort dit tog nie so moeilik te wees om krities-analitiese denkwyses ook op onsself van toepassing te maak nie. 'n Bietjie minder gesteldheid op eie eer, 'n bietjie meer opregte nederigheid, 'n bietjie meer nugtere denke, is al wat nodig is. Ek wens ons kon 'n kode ontwerp waarvolgens sonder gevaar van persoonlike aanstoot gee, eerlike, welmenende kritiek uitgeoefen kan word.

In Theiler se dae het die hare ook maar gewaai. Karl F. Mayer, een van sy vroeë medewerkers, was net soos Theiler 'n man met 'n geweldige sterk persoonlikheid. Hy sou aan Theiler gesê het dat Onderstepoort te klein vir die twee van hulle was. Hy is na Amerika waar hy groot naam gemaak het. Tydens 'n veel latere besoek aan Onderstepoort het dit my opgeval met watter entoesiasme en eerbetoon hy oor Theiler gepraat het, sonder die geringste sweem van bitterheid. Ander voorbeelde van hoe sake geskik kan word is die wyse waarop aanvanklike botsings tussen ons Vereniging en Dierewelsynorganisasies tot heelhartige samewerking omskep is, en die wyse waarop haakplekke tussen ons en die Aptekersvereniging uit die weg geruim word. Uit eie ervaring dink ek terug aan daardie ongemaklik pynlike oomblikke toe my destydse kollega en nou ons geëerde Dekaan met 'n gesig van onweer en 'n paar kragwoorde aan my kom verduidelik het dat dinge ** net nie so kan aangaan nie; of aan die kere wat ons huidige departementshoof van Anatomie op haar nimlike en minlike wyse maar met 'n ernstige frons my op dreigende krisisse attent kom maak het. In plaas van verdelend, het dit saambindend gewerk: daardie gevoel van "saam-'n-sak-sout-opeet" is geskep. Dit is daardie oomblikke wat my by terugblik vandag die grootste genoegdoening gee.

Ons kan in oorsig van hierdie simbool gerus gaan kyk hoe die senuweestelsel beheer toepas. Op laer vlak is daar die gedurige spel van stuit en weeromstuit tussen die simpatiese en die parasimpatiese stelsel; op hoër vlak tussen die limbiese en kortikale (prefrontale) stelsel.

Dis 'n seën dat ons 'n groep van soveel uiteenlopende persoonlikhede, belangstellings en begaafdhede vorm. Dit gaan per slot van sake nie om eie gewin of aansien nie. Die definisie van sukses kom uiteindelik neer op die volle ontwikkeling en uitlewing van elkeen se eie potensiaal ten goede.

Die finale diagnose en prognose? Ruim toegegee dat daar altyd plek is vir verbetering en vooruitgang om aan ons strewes stukrag te gee, is dit my onomwonde mening dat ons 'n diagnose van "in wese kerngesond" kan stel, met 'n gunstige prognose. Tydens my verblyfperiodes in die VSA het ek my ore ingeskerp op menings van kollega's aldaar. Die uitslag was baie bemoedigend. Dis interessant om kennis te neem van die grootste gemeenskaplike faktor in hierdie meting van Suid-Afrikaners aan internasionale standaarde. Dit was hulle gewilligheid om in te spring en hard te werk. Komende van 'n volk wat bekend is om sy hardwerkendheid, is dit veelseggend.

Ten slotte herinner ek u daaraan dat die wetenskap groter is as die enkele mens, maar dat die mens groter is as die wetenskap.

Geagte meneer die Dekaan en kollega's, as u by die aanhoor van hierdie toespraak, wat as my laaste boodskap aan u beskou kan word, slegs 'n breukdeel van die stimulus ervaar het as wat ek by die opstel daarvan belewe het, sal ek ryklik beloon en geëerd voel.

ADDRESS VOORDRAG

# DIE UNIVERSITEIT, DIE DOSENT EN DIE STUDENT

H.P. VAN DER SCHIJFF
Vise-Rektor (Natuurwetenskappe), Universiteit van Pretoria*

Geagte meneer die dekaan, dames en here

Om by hierdie fakulteit en in hierdie omgewing 'n navorsingsdag te open bly steeds 'n moeilike maar aangename taak. Dit is 'n moeilike taak omdat u en u omgewing gekoester lê in 'n tradisie van indringende navorsing wat nie alleen vir die veebedryf van Suid-Afrika en vir dele van die res van Afrika vooruitgang en voorspoed gebring het nie, maar ook vir die naam Onderstepoort roem in die wêreld verwerf het. In so 'n omgewing voel 'n mens dus huiwerig om so 'n dag te open want jy weet jy het met wetenskaplikes in 'n wetenskaplike omgewing en met tradisies wat ver teruggaan te doen. Dit is egter ook 'n maklike taak omdat jy weet jy praat met 'n fakulteit en sy mense wat net soos 'n goeie boom wat veelvuldig vrugte dra, 'n stam het wat goed in 'n stewige wortelstelsel geanker is. Daarom is dit vir my aangenaam en 'n voorreg om vandag hierdie navorsingsdag te open.

Meneer die dekaan, u fakulteit is bevoorreg daarin dat u terug kan kyk op 'n lang geskiedenis waarop u almal trots is. 'n Geskiedenis van indringende navorsing waarop die fakulteit gefondeer is en waarop u trots voortbou soos u vandag weer doen.

## HOE LYK ONS OMGEWING

U en u fakulteit is maar te goed van die feit bewus dat ons bodem en natuurlike hulpbronne nie onuitputlik is nie. Aan die wat miskien so geglo het is die werklikhede van die laaste paar jare van droogte fel tuisgebring; omgewingswerklikhede teenoor werklikhede van ons bevolkingsaanwas en samestelling wat ons daagliks laat besef dat die eise wat aan ons as Suid-Afrikaners en wetenskaplikes gestel gaan word, nie minder sal word nie maar veeleisender. 'n Bevolking wat in die jare 2050 bykans 95 miljoen sal tel. Met 'n bevolkingsamestelling wat op sigself baie hoë eise aan die breë gemeenskap gaan stel, is dit duidelik dat groot uitdagings vir die wetenskaplike en bioloog voorlê. Werklikhede van 'n bevolkingstoename waarmee ons as wetenskaplikes rekening mee moet hou. 'n Bevolkingstoename wat omgewingsgebonde en omgewingsafhanklik is en waarvoor ons as natuurwetenskaplikes medeverantwoordelikheid vir hulle (ons) voeding, skuiling en kleding moet aanvaar. Die vraag is hoe ons die mas gaan opkom en of ons dit ooit sal kan opkom. Moet ons nie maar liewer handdoek ingooi en wegvlug nie? Geneem teen die agtergrond van ons huidige landsprobleme lyk dit 'n geregverdige vraag te wees, maar dames en here, dan kom die teenvraag – waar gaan ons of julle heen waar dit uiteindelik anders gaan wees? Waar is daar nie probleme nie? Want hierdie probleme is wêreldprobleme waarvan ons nie kan wegkom nie. Ons wil ook nie daaraan ontkom nie want ons is wetenskaplikes en juis in sulke probleme lê vir die wetenskaplike groot uitdagings en geleenthede. Maar dan moet die wetenskaplike goed voorberei en opgelei word vir sy taak. Die universiteit moet kennis neem van wat om hom plaasvind.

## ONS TAAK AS WETENSKAPLIKES

Nou, meer as enige ander tyd in ons bestaan, moet ons *toesien dat ons jongmense, al ons jongmense, goed* opgelei word. Hulle moet met waagmoed en selfvertroue die werklike gekompliseerde lewe ingaan om hulle bydraes tot die oplossing van hierdie probleme te lewer. Dit is nou die tyd dat ons as bioloë ons in die biologieoefening moet ingrawe. Ons moet ons verdiep in die biologiese wêreld waar ons onsself nie alleen besig hou met die wonderlikste van die skepping, die lewe self nie, maar ook met die noodsaaklikste ter wêreld, die instandhouding van die lewe om ons. Werk die biologie dan nie ook met die talle probleme wat verband hou met die voorsiening van voedsel om die welvaart van sy gemeenskap in stand te hou nie? Daar lê vir ons as bioloë, wetenskaplikes, opvoeders en voorlopers in die gemeenskap wonderlike uitdagende dae voor, maar dan moet ons onsself in die regte gesindheid voorberei in die dissipline van ons belangstelling. Ons moet duidelikheid verkry oor die doel van universiteitsopleiding en van ons taak in hierdie land.

Om reg aan die opleiding en toekomsverwagtinge van u studente te laat geskied moet u oor u siening van 'n universiteit en universiteitsopleiding besin. Wat verwag u van 'n universiteit? Wat is die eise wat u in die eerste plaas aan uself stel? Watter eise stel u aan daardie inrigtings waaraan u uself verbind het om jongmense vir die toekoms op te lei of waaraan u uself gaan verbind om aan u opleiding te verskaf, u voor te berei vir die lewe in die gemeenskap waarin u uself gaan bevind? Die doelstelling van 'n universiteit ten opsigte van u opleiding in u spesifieke vakgebied kan moontlik in ooreenstemming met die siening van prof D J du Plessis, voormalige rektor van Wits, onder vier hoofde gegroepeer word, naamlik:

die behoud van kennis
die oordra van kennis
die uitbreiding van kennis
die aanwending van verworwe kennis en navorsingsresultate
in diens van die gemeenskap

## DIE BEHOUD VAN KENNIS

Dit moet sonder meer vir u duidelik wees dat enige universiteit met sy infrastruktuur van fakulteite,

*Openingsrede gelewer op 25 September 1985 by geleentheid van die tweede fakulteitsdag van die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria, Posbus 12580, 0110 Onderstepoort, Republiek van Suid-Afrika.

departemente, biblioteke, museums, navorsingsinstitute en personeel wat hierdie instellings beman noodwendig 'n geweldige groot hoeveelheid kennis versamel. Dit is 'n bron van kennis wat nie alleen vir geslagte wat kom bewaar moet word nie. Dit moet daagliks aangevul word deur nuwe kennis uit die wêreldgemeenskap van wetenskaplikes wat nuwe kennis genereer deur skeppende navorsing en geestesontwikkeling. Hierdie kennis word veral in biblioteke bewaar maar word ook van voorganger na opvolger oorgedra. Dit is die taak van die akademikus en student om hierdie kennis wat deur die geestelike aktiwiteite van voorgangers en tydgenote gegenereer is, sy eie te maak deur die uitbouing van 'n eie biblioteek in sy eie vakgebied, maar ook oor vakgebiede heen. Sowel vir elke universiteitsmens as vir elke ontluikende universiteitsmens wat geleerde wil word, is dit ook 'n vereiste om in sy eie reg 'n bewaarder van kennis te word. 'n Akademikus en student sonder 'n eie biblioteek kon net sowel ongeletterd gebly het. U moet begrip en liefde beoefen vir die goeie boek op u vakgebied maar ook vir alle boeke wat die menslike gees verhelder.

## DIE OORDRA VAN KENNIS

Om slegs 'n bewaarder van kennis te wees dien geen doel nie, want kennis word gegenereer om oorgedra en gebruik te word en dit is die taak van elke universiteit en elke universiteitsdosent. Studente meld hulle by universiteite, die bemarkers van kennis aan om gedurende hulle opleidingsproses kennis te verwerf. Op hulle beurt kan hulle weer daartoe oorgaan om kennis oor te dra en selfs later as dit hulle beskore is en hulle die wil daartoe het, nuwe kennis deur navorsing te genereer. Die taak van die Suid-Afrikaanse universiteit in die voor- en na-oorlogse jare was daarop toegespits om agterstande uit te wis want 'n nuwe wêreld kon toe betree word. Hierdie periode in ons land se bestaan het dan ook hoofsaaklik met die oordrag van kennis gepaard gegaan. By hierdie universiteit, net soos by ons ander universiteite het die klem veral by die natuurwetenskappe baie sterk op die opleiding van wetenskaplikes geval – in u geval van veeartsenykunde. Die jong geslag moes op hoogte gebring word met bestaande kennis wat in hierdie kennisbron gesetel was en van elders bekombaar was. Ons moes kennis in die natuurwetenskappe wat bestaan het en bekombaar was, ons eie maak sodat dit weer oorgedra kon word aan nuwe geslagte van bioloë wat voorberei moes word. Jong bioloë moes opgelei word wat na ons skole kon gaan om die verworwe kennis wat hulle hoofsaaklik van hulle dosente uit boeke en tydskrifte geleer het, oor te dra aan die kinders wat aan hulle voete gesit het, sodat 'n nuwe geslag na vore kon tree wat beter toegerus sou wees vir hulle universiteitsloopbaan. Daarby was hierdie universiteit net soos ander nog 'n klein inrigting en fasiliteite vir navorsing was aanvanklik karig, maar die wil het alreeds by sommiges, soos 'n Arnold Theiler en sy tydgenote bestaan om voort te beur om ook hulle verdere opdrag as universiteitsdosente, naamlik navorsing en die generering van nuwe kennis uit te bou. 'n Nuwe stadium van universiteitwese is deur hulle betree, naamlik, die stadium van opleiding wat navorsing as basis moes hê.

## UITBREIDING VAN KENNIS – NOODSAAKLIKHEID VAN NAVORSING

Net soos die boom nie sonder wortels kan bot nie, net so kan kennis nie op sigself teer nie. Kennis moet steeds deur nuwe kennis aangevul word. As dit nie gedoen word nie, stagneer ook daardie kennis wat reeds deur voorgangers verwerf is. In die wetenskappe kom die wetenskaplike nooit tot rus nie. Hy moet saam beplan, spook en worstel om by te dra anders word hy langs die stroomoewer saam met die stoppels en opdrifsels uitgestoot. Die eise wat aan ons as natuurwetenskaplikes aan universiteite gestel word is hoog, want ons word nie slegs gesien as oordraers van kennis nie maar by uitstek as genereerders van nuwe kennis. Opleiding en navorsing kan net nie geskei word nie en daardie universiteitsdosent wat nie navorsing doen nie, hoort nie op universiteit nie.

Na die tweede wêreldoorlog het 'n wyer wêreld vir die mensdom oopgegaan. 'n Wyer wêreld wat ou gevestigde praktyke, gewoontes en tradisies sou laat verkrummel; 'n wyer wêreld wat ook afstand oor kontinente en geestelike en kleurafstande tussen mense sou laat krimp. Die wetenskaplike goue eeu is betree. 'n Goue eeu waarvan u en ek deel is en waarvan die einde nog lank nie in sig is nie. 'n Tydvak wat aan baie mense welvaart en gemak sou bring waarvan hulle slegs kon droom. Maar dit is ook 'n eeu waarin armoede deur duisende beleef word. Dit staan in skrille kontras met dié wat het en lei tot wêreldprobleme wat nog na oplossings soek.

In hierdie tye word baie eise aan die wetenskaplike gestel, maar veral aan dié wat as akademici aan ons universiteite hulle pad moet vind. As akademici moet hulle navorsing doen want om die jong gemoed te voed en respek by hom af te dwing, moet elke universiteitsdosent ook skepper wees. Dit maak nie soveel saak wat die uitvinding of skepping is nie. Dit is nie belangrik nie. Wat wel belangrik is, is die lewenslange geestesgesindheid van die soeker, die soeker na nuwe dinge, die soeker na die waarheid. Die wetenskaplike en akademikus moet 'n waarheidsoeker wees en daarom moet hy navorsing doen. Al is dit dan ook net om die waarheid vir jouself te vind, daardie waarheid wat selfvertroue aan jou gee en selfvertroue aan die jong gees wat homself nog moet vind, oor te dra. Wat dus vir die universiteitsdosent van groot belang is, is nie so seer die kennis waaroor hy beskik nie, maar sy houding teenoor kennis. Hy is daagliks in aanraking met studente. Wat sy houding teenoor kennis is, sal in sy studente se houding teenoor die wetenskap weerspieël word. En dit is onteenseglik waar dat daardie dosent wat navorsing doen respek afdwing en sy studente teenoor uitdagings stel. Hy word nie net 'n aantrekkingskrag vir sy studente nie, maar ook vir dosente want hy is akademies sterk, interessant en uitdagend. Daarom is 'n universiteit se sterkte in sy navorsing en nagraadse studente geleë. 'n Departement sonder navorsingsaktiwiteite kom noodwendig in 'n negatiewe spiraal en boer agteruit. Die wat swak is, word nog swakker en dit wat goed is, word beter. Veral navorsing deur nagraadse studente is van groot belang. Daarom moet universiteite 'n baie hoë premie op personeel van gehalte plaas. Die kompetisie word net so sterk. Stel liewer niemand aan nie as iemand wat nie die mas gaan opkom nie. Beweeg ook weg van inteling, want net soos inteling in die praktyk is die oes wat akademiese inteling lewer, gering.

Die keuse van personeel moet vir die universiteit 'n saak van erns wees. Wanneer 'n goeie personeellid aangestel word, hoef jy nie te vra wat hy doen nie, want sy akademiese aktiwiteite sorg dat daar steeds vooruitgang is. Word 'n swak personeellid aangestel sit 'n universiteit met hom vir die res van sy lewe want sy mark-

waarde is ook noodwendig swak. Van markwaarde gepraat, is dit ook so dat die markwaarde van 'n student dikwels bepaal word deur die markwaarde en aansien van sy leermeester. Veel eerder moet gevra word wie sy leermeester was as 'n getuigskrif. Dosente wat voortreflike navorsing doen bring finansiële voordeel vir die universiteit. Hulle publikasies verdien sowel bykomende subsidie by die Departement van Nasionale Onderwys as finansiële ondersteuning vir navorsing en fasiliteite van die WNNR en SNO (Stigting, Navorsing en Ontwikkeling). En hierdie fondse is nie gebonde aan spesifieke projekte nie, maar aan die persoon. 'n Gekeurde navorser het boonop die vryheid om sy eie navorsingsveld te kies.

Die universiteitsdosent moet 'n voorloper wees want hy weet nooit watter briljante materiaal in sy klas sit nie. Wat hy wel weet, is dat sy klasse volgepak is met hoogs intellektuele mense wat hy moet uitdaag en uitlok om hulle verstand en vermoëns te ontwikkel. Slegs deur self navorsing te doen sal hy daarin slaag, want dan sal hy die briljante na vore laat tree om sy bydrae te maak. Hulle moet ook uitgedaag word om te dink en veral vir hulle self te dink deur betrokke te raak met dit wat aan hulle gedoseer word. Elke student sal nie 'n navorser word nie, maar deur ons voorbeeld moet ons wel dié stimuleer wat dit kan word.

Die ontdekking van die werklike begaafde student is egter nie so maklik as wat dit lyk nie want hyself weet meestal nie dat hy begaafd is nie. Hierdie tipe persoon is heel dikwels soos die delikaatste blom wat slegs onder ideale omgewingsomstandighede kan uitblom, maar wat gou verwelk en verskrompel as die omgewing ongunstig is. Aan die anderkant mag daar egter ook nie net na die begaafde omgesien word nie. Veral in ons land met sy ingewikkelde samestelling moet daar ook 'n gevoel vir die minderbevoorregte wees, vir die gemiddelde wat sy gemiddeldheid moet ontdek. Ons volle potensiaal moet ontwikkel word daarom sal ons as akademici ook moet beplan om die agterstand wat oor die jare opgebou het, positief uit te wis.

## DIENS AAN DIE GEMEENSKAP

